**Les 3 VERLOSTE KINDERS: DIE DELER IS SO GOED SOOS DIE STELER.**

**VERLEDE KEER: verlede week het ons gesien dat ons ingedoop is in Jesus. Omdat ons in die Here ingedoop is, deel ons alles wat die Here s'n is, met Hom.**

| **OPSOMMING**<br>**Jesus is ook met water gedoop. Jesus se doop wys Hy is in ons ingedoop. Hy deel al ons sondes met ons. Ons sondes is Jesus se sondes. Want die deler is so goed soos die steler.** |
|---|

**Kernvers: 1 Korintiërs 5** "[21]*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."*

**1. Ons is met dieselfde doop gedoop as die Here**

Verlede week het ons gesien dat ons met water gedoop is. Hierdie doop waarmee julle gedoop is, wys dat julle in die Here ingedoop is. Net soos beskuit in koffie ingedoop is. Ons het ook gesien dat, omdat ons in Jesus ingedoop is, alles wat die Here s'n is, ook ons s'n is. Net soos koffie binne-in die beskuit intrek en nie meer in die beker is nie, maar binne-in die beskuit is.

Kom ons kyk nou na iets wat baie min mense raaksien. Ons lees saam uit Matteus 3:

"[13]*In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe by die Jordaan gekom om deur hom gedoop te word.* [14]*Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word en U kom na my toe?"*[15]*Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen.""*

Wie word hier gedoop?

Hier word Jesus gedoop. Het julle geweet julle is met dieselfde doop gedoop waarmee Jesus gedoop is? Julle is met water gedoop. Jesus is ook met water gedoop. Dit is presies hoekom ons julle ook gedoop het. Julle is met dieselfde doop gedoop as waarmee Jesus self gedoop was.

**2. Johannes wil nie die Here doop nie**

Wou die predikant Johannes Jesus gedoop het toe Jesus na hom toe kom en sê Johannes moet Hom ook doop? Die Bybel sê Johannes het dit probeer verhinder. Verhinder beteken Johannes het probeer keer dat Jesus gedoop word. Hy het gevoel dit is verkeerd dat die Here ook met water gedoop word.

Dit was vir hom baie snaaks dat die Here met water gedoop wil word. En hy was reg. Dit is baie snaaks. Want onthou, die doop wys dat jy ingedoop word soos beskuit in koffie ingedoop word. So dit wás snaaks. Ons weet dat ons in die Here ingedoop word, en dan deel ons alles wat die Here s'n is met Hom. Maar wat wys Jesus se doop? In wie word Jesus ingedoop?

**3. Jesus word vir sondes gestraf wat Hyself nie gedoen het nie**

Daar is 'n versie in die Bybel wat baie mooi wys in wie Jesus ingedoop word. Kom ons lees dit saam: 1 Korintiërs 5 "[21]*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees*."

Ingedoop beteken om alles te deel met die een in wie jy ingedoop is. As jy beskuit in koffie indoop, deel die beskuit al die koffie wat in die beker was. Kyk wat sê hierdie versie, waarin is Jesus ingedoop: Hy is sonder sonde, maar God behandel Jesus as 'n sondaar. Dit beteken Jesus het niks verkeerd gedoen nie, maar God straf Jesus vir sonde.

Jesus word vir sondes gestraf wat Hy nie self gedoen het nie. Hoe kan dit gebeur? Hoe kan jy vir iets gestraf word wat jy nie self gedoen het nie?

**4. Die deler is so goed soos die steler**

Die groot geheim van hierdie snaakse manier van straf, is die woorde in ons versie: *"deur ons eenheid met Christus".* Jesus is ingedoop in ons. Kom ons kyk na 'n voorbeeld. Een van jou vriende kom kuier by jou. Pa sê julle mag nie by die rivier gaan swem nie. Maar jy sê vir jou maat jy gaan rivier toe en jy gaan in die rivier swem. Hy stap saam met jou rivier toe; jy swem, maar hy swem nie saam nie.

As Pa julle uitvang gaan hy die volgende doen: hy gaan jou én jou maat straf. Hoekom word jou maat saam met jou gestraf, al het hy nie ook in die rivier gaan swem nie? Want julle is verenig. Julle is maats. Julle is saam. Julle is maats en het saam rivier toe gegaan.

Dit werk só: die deler is so goed soos die steler. As jy saam is as iemand iets steel, dan deel jy die oortreding en die straf. Nie omdat jy gesteel het nie. Maar omdat jy gedeel het.

**5. Jesus word in ons sonde ingedoop**

Kom ons vra nou weer ons eerste vraag: hoekom laat Jesus Homself met water doop? Want water wys dat Jesus ingedoop word! Waarin word die Here ingedoop? Hy word ingedoop in ons en daarom deel Hy al ons sonde met ons.

Dit is weer soos met koffie en beskuit. As ons verkeerde dinge doen en skuldig is en gestraf moet word vir alles wat ons verkeerd gedoen het, en Jesus word in ons ingedoop soos beskuit binne-in koffie in, dan deel die Here al ons sonde met ons.

Dit is amper soos spierwit beskuit wat binne-in bruin koffie ingedoop word. Wat word wit beskuit as dit binne-in bruin koffie ingedoop word? Dit word ook bruin, nie omdat die beskuit bruin is nie, maar omdat dit met die koffie verenig is. Die koffie máák die wit beskuit bruin.

Die Here se doop met water wys ons ons is verloste kinders. Ons sondes is nou nie net meer ons eie sondes nie. Alles wat ons verkeerd doen, deel Jesus met ons. Want Hy is in ons ingedoop. Hy is met ons verenig. Hy en ons is nou so saam, net soos maats saam is. En die deler is net so goed soos die steler. Hy deel al ons sondes met ons, al is Hy spierwit sonder sonde. Hy kry al die sondes wat ons doen. Dit word Syne.

Die manier waarop die Here ons verlos klink só: Hy is in ons ingedoop, Hy deel ons sonde met ons. Ons sonde is die Here se sonde. Hoe kan dit so wees? Dit is hoekom dit vir die predikant Johannes so snaaks was: ons sondes word nou die Here se sondes. Die Here deel ons sondes met ons, al doen Hy nie sondes nie.

Dit is die groot ontdekking wat jy moet maak: die Here is óók gedoop, nes jy. Hy is in ons sondes ingedoop en al die verkeerde dinge wat ons doen – word die Here s’n ook. Dit word ook Sy verkeerde dinge. Want Hy deel alles wat ons verkeerd doen, met ons. Hy is met ons verenig. Ons sondes, is die Here se sondes! Hoe so? Want die deler is so goed soos die steler. Die Here verlos ons só: die deler is so goed soos die steler. En die Here deel ons sondes met ons.

**6. Opdrag**

Gaan vra vir Pa of Ma of enige grootmens: Was Jesus ook nes kinders gedoop? En dan vertel julle hoekom het Jesus Hom laat doop: want Hy wil óns sondes Sý sondes maak. Hy deel ons sondes en dan werk dit só: die deler is so goed soos die steler.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

________________________________

Handtekening: ouer of voog